

Knus toegespinn

DRA DIÉ DROOMAGTIGE SPINNERAKSKEPPING BEDAGS OF SAANS EN DIE KOMPLIMENTE SAL INSTROOM. DIÉ JASSIE EN SERP IS DEUR SAPROTEX INTERNATIONAL GEBORG. SAAMGESTEL DEUR LINDA LAUBSCHER

GEHEKELDE SPINNERAKJAS EN SERP

Benodigdhede

Pingouin Crochet DK (50 g-bolle); 11(12;13) bolle Denim (kleurnr 10), kies 'n hekelpen tussen 3,25 mm en 4,00 mm om by jou werk te pas; 16 pakkies Minty's krale (art. nr P049); 'n stuk nyldraad (soos gebruik vir omkapmasjien) van minstens 35 cm lank; groottoogstopnaald vir afwerking; naald om krale in te ryg; 2 skouerkuusinkies.

Afkortings

gp - groep
grh - gare rondom hekelpen
gs - glipsteek
herh - herhaal
h1b - haiflangbeen
kb - kortbeen
ks - kettingsteek
ks-sp - kettingsteek-spasie
lb - langbeen
ls(e) - lus(se)
pat - patroon
R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk
sp(s) - spasie(s)
st(e) - steek(steke)
vlg - volgende
weersk - weerskante

Spanning

4 lusse en 4 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met gekose hekelpen. Let wel: Die steek kan vergroot of verklein word deur 'n dikker of dunner pen te gebruik.

Mate

Pas borsmaat 82-87(92-97;102-107) cm lossies; skouerbreedte 42(44;46) cm; ruglengte 84 cm; moulengte 71 cm.

Algemeen: Hekel met krale

1. Soos met breiwerk kan krale ook in hekelwerk gebruik word. Die resultaat is besonder mooi. Gebruik 'n sterk draad wat dun genoeg is om die krale mee in te ryg; hulle moet daarna ingehemel word. Die aantal krale vir elke pant word in die patroon aangedui.

2. Tel die nodige aantal krale, sit hulle eenkant. Knip 'n stuk nylonomkapdraad af, minstens 35 cm lank. Knoop een punt om hekeldraad, steek die ander punt deur oog van die naald. Ryg krale op nyldraad, skuif hulle oor die knoop op hekeldraad, verwyder nyldraad sodra alle krale op hekeldraad oorgeskuif is (skets A).

3. Die krale kan nou ingehemel word waar aangedui. Trek 'n lus uit kb op (hierna kb-ls genoem), 2 cm lank en glip 4 krale tot teenaan hekelwerk, trek deur. Voltooi steek soos patroonsteek (skets C).

Agterpant

Dit begin met 'n smal strook wat van skouer tot skouer strek.

1e ry: Gebruik gekose hekelpen, maak 9ks, draai.

2e ry: 2lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1ks, slaan 4ks oor, 2lb in voorlaaste ks, 1lb in laaste ks, draai.

3e ry: *3ks(=1lb), (2lb, 1ks, 2lb) in 1ks-sp, 1lb in 3e van 3 draai-ks van vorige ry, draai.*

Die 3e ry is pat-ry vir skouerstrook; herh 3e ry nog 33(34;35) keer. Dit voltooi die skouerstrook; moenie die werkdraad afknip nie. Gaan nou te werk soos hierbo by "hekel met krale" (algemeen par. 3) uiteengesit en ryg 536 krale op nyldraad. Raadpleeg sketse A, B1 en B2. Draai skouerstrook 'n kwartslag om en begin die 1e ry pat-st met krale, dus met lang sykant vir basis (skets C:5 en 6).

1e ry: Heg kralendraad met 1gs aan 1e ks aan beg van die lang sykant van skouerstrook. Maak 1ks in gs; *trek 'n kb-ls van 2 cm op; trek 4 krale tot teen hekelwerk, grh, trek draad deur aan bopunt van lus op pen. Hou kralendraad apart van ls (2 cm lank), steek pen onder die kralendraad deur, grh, trek draad onder die kralendraad deur; nou is daar 2 ste op pen; grh, trek deur albei ste; 1kb*; herh 1 keer. Heg 2 lse met kb in elke sykant-sp van skouerstrook. Herh van * tot * tot einde van ry. Draai.

2e ry: 3 lse; heg met gs aan 5e kb-gp vanaf hekelpen, grh en trek deur; **herh 1e ry van * tot * 2 keer, steek pen in 2e kb-gp van vorige ry, trek deur, 1kb*; herh van ** tot ** tot einde van ry, draai (1 lus met krale bly oor). Maak 4 rye met krale.

Hekel daarna 10 rye met pat-st sonder krale - 14 rye altesaam.

Regter- en linkervoorpant

(word afsonderlik gehekel)

Beg weer met 'n skouerstrook soos vir agterpant, maar herh 3e ry slegs 14(15;16) keer. Ryg 304 krale in (sketse A en B). Draai skouerstuk en hekel 4 rye pat-st met krale, dan 10



rye sonder krale, soos vir agterpant. Dit voltooi eerste pant. Voltooi 2e voorpant op dieselfde manier.

Driehoekige skouerinsels vir regter- en linkerpant

Ryg 129(155;168) krale op draad vir één pant. Insetsel word deurgaans in hlb gehel, met 1 kraal per hlb.

1e ry: 15ks, draai.

2e ry: 1 hlb met kraal in 3e ks, *1 hlb in vlg ks; herh van * tot einde, draai (skets 2B).

3e, 4e en 5e ry: 2ks, *1 hlb in vorige ry se hlb*; herh van * tot * tot einde, draai. (Vir 2e en 3e groottes, voeg 2 rye by vir elke grootte.)

6e ry: 2ks, slaan 1e hlb oor, 1 hlb in elke hlb tot 1 st oorbly, laat dit ongewerk, draai.

7e - 11e ry: Soos 6e ry, tot 2 hlb met krale oorbly. Heg af. Dit voltooi 1e skouerdriehoek. Maak 2e skouerdriehoek op dieselfde manier. Werk skouerstrook en -driehoekinsels aan mekaar vas.

Plaas linkerskouerstrook teen skouerinsels met punt van driehoek aan mousgatkant (= links), werk oorhands vas. Werk skouerstrook van agterpant aan ander kant van insels vas. Doen dieselfde met regter-skouerinsels (skets D).

VOLTOOI NOU VOOR- EN AGTERPANT (AANEEN).


Plaas voorpante en agterpant met RK op mekaar. Met VK voor, heg werkdraad aan 1e kb-gp van linkervoorpant. Hekel pat-st oor linkervoorpant, gaan so voort oor agterpant, dan regtervoorpant, draai.

Beg met 3 lusse en werk pat-st tot linkervoorpantrand, draai. Gaan so voort tot 33 rye voltooi is. Dit voltooi die pante.

Moue (2)

Ryg 100 krale op hekeldraad (skets A) en knoop werkdraad vas soos uiteengesit by "hekel met krale" (algemeen par. 2). Krale moet aan onderkant van mou hang, wanneer 2e ry gehel word (skets E).

1e ry: 1ks, *trek ks-ls van 2 cm op, trek 4 krale tot teen hekelwerk, grh, trek draad deur aan bopunt van ls op pen. Hou kralendraad apart van 1e ls (2 cm), steek hekelpen onder deur kralendraad, grh, trek werkdraad deur; nou is daar 2 ste op pen, grh en trek deur; 1kb*; herh van * tot * 25 keer, draai; 1 ls met krale bly oor. 2e ry: (Let wel, hierna alle rye sonder krale) **3



lse, heg met gs aan 5e kb-gp vanaf hekelpen, grh en trek deur, 1kb; herh 1e ry van * tot * 2 keer, steek pen in 2e kb-gp van vorige ry en trek deur; 1kb. Herh tot einde van ry **; herh 2e ry van ** tot ** 19 keer. Dit voltooi 1 mou. Hekel 2e mou op dieselfde manier.

IN- EN VASWERK VAN MOUE: Gebruik hekeldraad en stopnaald. Werk mounaat toe, beg aan kralerand. Maak 'n dubbele st in elke 2e kb-gp, dit vorm 'n punt. Trek dan draad lank genoeg om vlg kb-gp te strek sodat patroon steeds lossies hang. Werk moukop op dieselfde manier in mousgat vas.

OMRANDING MET KRALE: Ryg 185 krale op draad (skets A). Beg afwerking by skouerstrook se 1e st ná pat-st.

1e ry: Met VK voor, heg draad aan 1e st van skouerstrook (links), werk met kb rondom hals tot aan einde van skouerstuk (regs), draai.

2e ry: Hekel nou pat (1 ls met krale) soos vir 1e ry van mou. Heg pat-ls met kb aan elke 3e kb-sp van rye vas. Hekel pat tot einde van skouerstuk (links).

Hekel voort in 2-lus-pat oor linkervoorpantrand, onderkant van agterpant en regtervoorpantrand. Die pat vorm 2 lse met krale rondom voorpantrand en soom en 1 lus met krale om die hals. Heg af.

Serp

Ryg 324 krale op hekeldraad. Begin met 40 lse vir breedte van serp (soos vir mou) en maak 2 kralerye. Gaan dan voort in pat-st sonder krale. Die serp moet 2 keer die lengte van die jas wees. Eindig met 2 kralerye en werk af.

KLEDINGSTUK DEUR RINA VAN DER SPUY ONTWERP EN GEHEKEL.